NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Posbus 2368,
Pretoria 0001;
Swaanstraat 129,
East Lynne,
Pretoria 0186;
www.nhka.org

26 Maart 2019

VAN: Kommissie van die Algemene Kerkvergadering

AAN: Prof Dr CJ Labuschagne

E-POS: labuschagne.cj@gmail.com

Geagte dr Labuschagne

REHABILITASIE AAN U EN ANDER DISSIDENTE UIT DIE GEYSER-SAAK VAN DIE SESTIGERJARE

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het op 8 Maart 2019 die verslag van myself na aanleiding van my besoek aan u op 6 Julie 2017 in Groningen nogmaals onder oë geneem. Ek het die vergadering attent gemaak op u e-posskrywe van 5 Julie 2018 waarin u die volgende geskryf het: *Waarom is die saak nie by die vorige vergadering aan die orde gestel nie? Gesien my hoë leeftyd, dring die tyd*.

Hierdie woorde van u, en die feit dat die volgende AKV eers aan die einde van September 2019 plaasvind, het die Kommissie laat besluit om hierdie skrywe aan u te rig. Ons bede is dat die saak tot sluiting kan kom en dat dit 'n diepgaande vrede by u sal bewerkstellig.

Die Kommissie het tydens die vergadering die korrespondensie tussen u en dr Fanie Pretorius sedert September 2008 en veral gedurende 2009 bestudeer. Soos u weet het die korrespondensie tussen u en die Kommissie sporadies plaasgevind, en het daar soms dooie punte ontstaan wat die proses laat stol het. Ek bied 'n vervolgens 'n kort oorsig van die gebeure gedurende 2009 en daarna wat die Hervormde Kerk se diepste wese blootgelê het, ons van selfregverdiging gestroop het en ons soos 'n Jakob van ouds na die gebeure by Pniël mank gelaat het (Genesis 32: 31).

Kerklike afskeiding: Aanloop, verloop en afloop (steeds uitstaande)

Gedurende Maart 2009 het vyf dosente van die Hervormde Kerk 'n verklaring oor apartheid in die pers gemaak. Die verklaring het grootliks met Beskrywingspunt 64 van die 68ste AKV (2010) verband gehou en die 69ste AKV sou hierdie inhoud, hierdie keer as Beskrywingspunt 54, onder oë neem. Die beskrywingspunt is met 'n meerderheidstem aanvaar en het Besluit 54 geword. Die opskrif was *Verwerping van Apartheid* en die daaropvolgende inhoud het soos volg gelui:

Die 69ste Algemene Kerkvergadering maak in die lig van die 68ste Algemene Kerkvergadering se besluit dat dit verkeerd was om 'n bepaalde regeringsbeleid (apartheid) goed te praat, onomwonde die uitspraak dat apartheid nie teologies geregverdig kan word nie.

Die Kerk verwerp sy goedkeuring van apartheid omdat dit

* *in stryd is met die evangelie van Jesus Christus*
* *gebaseer is op die idee van onderlinge onversoenlikheid*
* *onreg sanksioneer*
* *die beeld van God in mense aantas.*

Die vergadering beklemtoon die Bybels-teologiese aard van hierdie verklaring.

Nadat die besluit geneem is was daar 'n koor van protes en het 133 beswaardes tougestaan om hul teenstem aan te teken. Na afloop van die vergadering het van die beswaardes met 'n versetbeweging begin. Die druk was aan die oplaai en 'n beswaarskrif is op 22 November 2010 aan die Kommissie oorhandig. Hierdie beswaarskrif het etlike bladsye beslaan en daar is met teologiese redevoering gepoog om Besluit 54 as 'n *ultra vires*-besluit voor te stel. Daarbenewens het die beswaardes op 22 Maart 2011 'n persverklaring met 22 onderafdelings uitgereik.

Die Kommissie het besluit om 'n Buitengewone Algemene Kerkvergadering (BAKV) vir 4 en 5 Oktober 2011 te belê. Tydens die BAKV is die beswaarskrif in elke opsig met 'n groot meerderheid afgewys. Die vergadering het bevind dat Besluit 54 van die 69ste AKV nie 'n nuwe leer (ten opsigte van die Christologie en die mens as beeld van God) in die Kerk indra nie. Die vergadering het ook die volgende nuwe besluit geneem en daarmee die Kerk se saak met apartheid afgehandel:

Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika verklaar dat die politieke beleid van apartheid wat toegepas is in die Republiek van Suid-Afrika, nie teologies geregverdig kan word nie, en herroep hiermee alle goedkeurings in die verlede van die beleid in uitsprake deur die Kerk en namens die Kerk. Dit was in stryd met die evangelie van Jesus Christus.

Tydens 'n vergadering wat plaasgevind het op 12 November 2011 het die beswaardes die volgende besluite geneem: *Die steedsHervormers belydenis gespreksgroep word amptelik in die lewe geroep. Die steedsHervormers se strydkreet lui soos volg:*

Hierby staan ons, dit kan nie anders nie:
Tree ons weg, tree ons uit die ware LIG.
Tree ons terug, versaak ons die WAARHEID.
Tree ons uit, verloor ons die LEWE.

Gedurende Junie 2012 het die steedsHervormers by Meyerspark byeengekom om 'n *Staat van Belydenis* (*Status Confessionis*) teen die NHKA te verklaar. Met hierdie *Staat van Belydenis* – volgens hulle die manier om ten sterkste protes aan te teken – is verklaar dat die evangelie in gedrang is en dat daar sewe ernstige teologiese probleme is waarteen geprotesteer word. Hiermee is die NHKA meteens in 'n vreemde situasie gestel en gekonfronteer met die feit dat daar tegelyk 'n *Status Confessionis* van die WARC (Ottawa, Augustus 1982) en van die steedsHervormers (Pretoria, Junie 2012) teen die NHKA uitgeroep is, met presies die teenoorgestelde inhoude.

Intussen het die steedsHervormers besluit om gemeentes waaroor hulle beheer kon neem, se roerende en onroerende bates aan vrywillige verenigings oor te dra. Hierdie gebeure het groot argwaan ontlok en het aanleiding gegee tot 'n litigasieproses om uitsluitsel oor die regmatigheid van hierdie optrede te verkry.

Die stigting van die *Geloofsbond van Hervormde Gemeentes* (GBHG) tydens die vergadering van die steedsHervormers in Januarie 2013 het 'n nuwe era ingelui. Gemeentes het die opdrag gekry om te gaan dink en met beskrywingspunte vorendag te kom oor hoe daar by die eerste Bondsvergadering inhoud aan die Bond gegee kon word. Hierdie Bondsvergadering het op 28 tot 30 Julie 2013 by Gemeente Pretoria-Tuine plaasgevind. Daar is besluit om vir eers die Kerkorde van die NHKA te laat geld terwyl 'n komitee aangewys is om 'n nuwe Kerkorde vir die gemeentes wat nou onafhanklik van die NHKA opgetree het, op te stel. Daar is ook besluit om die *Staat van Belydenis* te handhaaf, maar dat die bedoeling nie is om die lidmate van die NHKA tot ketters te verklaar nie, maar dat dit eerder as 'n oproep tot gesprek oor die ware leer en lewe van die kerk moet dien.

Dit dien vermeld te word dat proff AD Pont en HG van der Westhuizen, wat destyds in die Geyser-saak 'n prominente rol gespeel het, ook in die kerkskeuring van 2010/2011 'n leidende rol gespeel het. Ek kan u verseker dat ook ons iets beleef het van die verdagmakery en verguising wat u destyds ervaar het.

Dit spreek vanself dat die kerkskeuring 'n beduidende invloed op die NHKA gehad het. Die letterlik honderde bladsye in agendas en notules van Kommissie van die AKV en die groot hoeveelheid buitengewone Kommissievergaderings gedurende hierdie tydperk bied insae in die fel stryd wat gewoed het. Die Kommissie het op 13 Junie 2012 'n *Herderlike Skrywe* van 12 bladsye, in reaksie op die *Staat van Belydenis*, aan gemeentes uitgestuur waarin die hele saak in perspektief geplaas is. Die Kommissie het deur omsendskrywes en artikels in die kerklike tydskrifte met gemeentes en lidmate gekommunikeer. In sommige gemeentes wat nie weggebreek het nie, is daar drukgroepe gevorm wat die saak van die steedsHervormers bevorder het deur skeuring aan te hits. Daar was gesinne en families wat weens die kerkskeuring gepolariseer is met al die gepaardgaande pyn wat dit teweeggebring het.

Uit die meeste van die wegbreekgemeentes het lidmate na vore gekom wat hulle nie met die motivering en werkswyse van die steedsHervormers kon vereenselwig nie. Hierdie lidmate het meestal onder moeilike omstandighede as gemeente van die NHKA voortbestaan deur elders vir eredienste byeen te kom, die bediening in stand te hou deur nuwe kerkraadslede te verkies, inkomste vir die evangeliebediening te genereer, voortdurende onsekerheid hangende die uitgerekte litigasieproses te trotseer en moedig die regte geloofsperspektief te probeer behou.

Die uitgerekte proses van litigasie ontlok tans steeds by ampsdraers en lidmate vrae en kommentaar wat tekenend is van onsekerheid en frustrasie. Tans is die hofdatum op 17 Februarie 2020 vasgestel – ongeveer tien jaar na Besluit 54 in 2010.

Hertoelating tot die WCRC

Die 67ste AKV het besluit dat die NHKA weer lidmaatskap met die Wêreldbond van Hervormde Kerke (WARC) moet opneem. Hierdie liggaam het die NHKA se lidmaatskap in 1982 gesuspendeer waarna die NHKA as lid bedank het. Die besluit van die WARC in 1982 het uitdruklik drie voorwaardes vir heropname gestel, naamlik:

(i) Gelowiges van ander rasse mag nie van Woord- en Tafelgemeenskap uitgesluit word nie.
(ii) Konkrete barmhartigheid moet aan die slagoffers van Apartheid verleen word.
(iii) Ondubbelsinnige besluite deur die Algemene Kerkvergadering wat Apartheid verwerp en apartheidstrukture ophef.

Die WARC het bevind dat die NHKA weliswaar aan die eerste twee voorwaardes voldoen het, maar nie toereikend aan die derde nie. Ten spyte van die skuldbelydenis hieroor van die 66ste AKV in 2001, het die Kommissie besluit om Beskrywingspunt 64 vir die 68ste AKV aan te bied. Met hierdie beskrywingspunt is beoog om die toereikendheid van die Kerk se reeds genome besluite, insluitende die belydenis van 2001, bo alle twyfel te stel. Beskrywingspunt 64 se aanhef, en veral die uiteensetting in vier punte, het feitlik woordeliks ooreengekom met Besluit 54 wat tydens die 69ste AKV geneem is. Die 68ste AKV het nie die beskrywingspunt aanvaar nie en die saak vir verdere studie verwys.

Die *World Communion of Reformed Churches* (WCRC), wat tot stand gekom het uit die samesmelting van die *World Alliance of Reformed Churches* (WARC) en die *Reformed Ecumenical Council* (REC), het in 2007 'n ontmoeting met die leierskap van die NHKA rakende hertoelating tot hierdie ekumeniese liggaam gehad. Beide die NG Kerk en die NHKA se lidmaatskap van die WARC is in 1982 hangende die drie voorwaardes vir hertoelating (wat met die inhoud van Besluit 54 verband hou) opgeskort. Tydens hierdie ontmoeting in 2007 is die NHKA daarop gewys dat die afhandeling van punt (iii) nog uitstaande is. Sedertdien het die tersaaklike besluite van die 69ste AKV en die BAKV wel aan die vereistes voldoen en is die Kerk se vroeëre teologiese regverdiging van apartheid ondubbelsinnig herroep. Tydens die 70ste AKV is besluit dat die Kerk aansoek tot herstel van lidmaatskap by die WCRC sal doen. Op 1 Oktober 2013 het die Moderamen 'n gesprek met die afvaardiging van die WCRC gehad waar die eerste amptelike gesprekke om hertoelating plaasgevind het. Enkele maande later het die Kommissie op 16 Mei 2014 die Moderamenverslag behandel waarin kennis geneem is dat die NHKA as lid van die WCRC hertoegelaat is. Die *Executive Committee of the World Communion of Reformed Churches* (WCRC) het kort tevore hierdie besluit te Hannover in Duitsland geneem. Die *Maranatha Reformed Church of Christ* (MRCC) met wie die NHKA noue historiese bande het, is ook tydens bovermelde geleentheid as lid van die WCRC toegelaat. Hiermee is die Staat van Belydenis van 1982 opgehef.

Geyser-gedenklesings

Op 17 Februarie 2014 het prof JA Loader, dekaan en emeritusprofessor van die Universiteit van Wenen, die eerste Geyser-gedenklesing as gas van die Departement Nuwe Testament aan die Universiteit van Pretoria aangebied. Die tweede gedenklesing is deur prof Pierre de Villiers aangebied oor spiritualiteit – wat met Geyser niks direk te doen gehad het nie. Dr WA Dreyer, Hervormde kerkhistorikus aan UP en op daardie stadium voorsitter van die Kommissie van die AKV, het by dié geleentheid kortliks die historiese agtergrond van prof Geyser se lewe en werk beskryf. Dit is die daaropvolgende jaar (2015) in uitgebreide formaat gepubliseer onder die titel *In pursuit of*

justice: Albert Geyser's story as told by the Media (https://www.upjournals.co.za/index.php/SHE/article/download/396/459).

Die derde Geyser-gedenklesing is deur dr WA Dreyer op 12 Maart 2017 as deel van die Eeufeesviering van die Fakulteit Teologie aangebied. Dit is in *HTS Teologiese Studies* gepubliseer (sien Dreyer, WA, 2017, *There is only one Church! Albert Geyser's ecclesiology in Delayed Action, HTS Teologiese Studies/ Theological Studies* 73(1), 4598 https://doi.org/10.4102/hts.v73i1.4598).

Tydens hierdie geleentheid bied die voorsitter, dr AG Ungerer, die volgende groeteboodskap aan: (https://www.researchgate.net/publication/318714521_Third_AS_Geyser_Commemorative_Lecture_on_30_March_2017_Welcoming_address_by_the_moderator_of_the_executive_of_the_General_Assembly_of_the_Netherdutch_Reformed_Church_of_Africa):

With the wisdom of hindsight, I briefly want to reflect on some events in the past. Of course there are many good things to say about the past, but given that the lecture of Dr Wim Dreyer is about Albert Geyser, it is also necessary to reflect on some regrettable actions of the Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (also known as the Netherdutch Reformed Church of Africa or NHK) in this regard. The NHK is the church I have known from childhood and the church I love dearly in spite of her shortcomings.

I want to reflect on this with great humility, both as a member and as the current moderator of the NHK. Humility is called for because, as a young pastor in the church at the end of the eighties, I kept silent in spite of my uneasiness with Article III – the controversial article in the NHK's Church Order that regulated exclusivist racial membership of the church and denounced interracial marriage. Article III was removed from the NHK Church Order in 1997. This chapter in the history of the NHK was closed when the 71st General Assembly of October 2016 – the assembly I was honoured to lead as newly elected moderator - voted to remove the term 'volkskerk' from the Church Order.

With a few brushstrokes I want to reflect particularly on the courageous acts of three men during the apartheid era. The first – of course was Prof Albert Geyser and the other two were Prof Adrianus van Selms and Dr Casper Labuschagne – both of them in support of Geyser and against Article III and the NHK's endorsement of the policy of apartheid.

In a nutshell, over a period of time the NHK acted against these men in a dishonourable way. The church, saturated with the ideology of separateness (the rhetoric: "three great dangers of Catholicism, Communism and Blackness"; "drie groot gevare... die Roomse Gevaar, die Rooi Gevaar en die Swart Gevaar") and nationalism used every possible means to sustain the system of Apartheid and discredit its opponents.

In 1962 Geyser was found guilty of heresy by the Commission of the General Assembly and he resigned as professor of UP. Dr Casper Labuschagne, a supporter of Geyser's and lecturer in Biblical studies, was replaced by Dr JI de Wet. Labuschagne heard of this on the radio. He was never officially notified. In 1963 the church deduced that Van Selms resignation as lecturer automatically meant that he no longer was a minister of the NHK.

Geyser turned to the Supreme Court to appeal the verdict on the heresy charge. Geyser won the appeal case and the church was obliged to reinstate him as a minister of the church. A second trial followed in 1967. Geyser brought a charge of defamation against Prof Adriaan Pont. The church aided Pont financially and even after the guilty verdict by the Supreme Court, no action was taken by the church against Pont.

Geyser, Van Selms and Labuschagne resigned as members of the church and became members of the St Andrews Presbyterian Church in Pretoria.

This, dear friends, was a bird's eye view on the fate of Geyser and two of his supporters. The reason? Geyser himself expressed it best: 'Should the Church no longer confess Christ then it has lost its heart. This vacuum will then be filled by an ideology – that of political power and nationalism'. It was this ideology that led to the regrettable actions in the past of the NHK. With the wisdom of hindsight, I would wish that it could be erased, but that is not possible. It is a past that can haunt us to the end of

time, or it can be a past (as sad as it was) that we can learn from - never to make the same mistakes again.

Uitstaande kwessies

Uit u skrywes aan die Kommissie (soos byvoorbeeld 11 Oktober 2008, 14 Maart 2009, 8 Mei 2009 en 13 Julie 2009) oor die jare heen kon ek enkele sake identifiseer wat moontlik nog uitstaande kwessies mag wees. U stel in die skrywes die volgende eise:

Hoe die Kerk met die verlede moet handel

Wat die kerklike instemming met die ideologie van apartheid betref en sy onkritiese goedkeuring daarvan in die praktyk, die volgende:

* Dat daar ondubbelsinnig afstand hiervan gedoen word deur 'n offisiële verklaring uit te reik waarin duidelik afstand geneem word van die handelinge van die kerk van destyds.

* In 'n ander skrywe versoek u dat die Kerk 'n Kommissie van Waarheid en Versoening aanstel (na analogie van die Waarheids- en Versoeningskommissie van die negentigerjare in Suid-Afrika) om grondig te ondersoek wat daar presies gebeur het sedert die kontroverse rondom apartheid in die kerk losgebars het.

* U verwys ook iewers na die posisie van die NHKA in mundiale verband en dan meer spesifiek sy hertoelating tot die WARC.

Die besluite van die 69ste AKV, die BAKV asook die ekumeniese handelinge met die WCRC gedurende 2013 waarin verklaar is dat die NHKA aan al drie vereiste voldoen het wat aanvanklik gestel was, het hiermee gehandel. Die handelinge van die Kerk, en spesifiek die Kerk se vroeëre teologiese regverdiging van apartheid, is in duidelike taal afgewys. Die pynlike skeuring wat die Kerk vir etlike jare op sinodale- en gemeentevlak laat steier het, was die direkte gevolg van die Kerk se duidelike afwysing van die apartheidsverlede.

In die volksmond is daar dikwels na *groot en klein apartheid* verwys. Groot apartheid is dan die verwysing na die destydse nasionale beleid en hierby inbegrepe die Afrikaanse kerke se kondonering daarvan. Met klein apartheid is na gebeure op voetsoolvlak verwys waar die voltrekking van apartheid in sy naakte werklikheid na vore gekom het. Dit het ook kerklik uitgespeel deur swartmense te verbied om eredienste en selfs begrafnisse by te woon. U is baie goed met die geskiedenis, interpretasie en toepassing van Artikel III in die Kerk bekend.

Na 1994 het sake nasionaal dramaties verander en met verloop van tyd het elkeen van die Afrikaanse kerke met hierdie stuk verlede gehandel. Vandag bestaan daar vir mense van ander rassegroeperinge geen belemmering om eredienste by te woon en lidmate van die Hervormde Kerk te wees nie. Ons handhaaf ook goeie verhoudinge met die MRCC (voorheen die HKSA wat danksy ons sendingbeleid tot stand gekom het) aan wie ons ook ruim finansiële bydraes maak.

Die NHKA wil graag lid van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke word en ons neem ook sedert die totstandkoming van die *Motsepe Foundation* se Nasionale dag van Gebed jaarliks deel aan die multikulturele verrigtinge op die FNB-stadion buite Johannesburg. Naas ons bywoning van die Algemene Vergadering van die WCRC in Leipzig gedurende 2017 het dr Wouter van Wyk die NHKA ook in 2018 op die vergadering van die ACRC in Rwanda verteenwoordig. Gedurende Februarie vanjaar het twee van ons studente 'n jeugkonferensie van die ACRC bygewoon en is buitengewoon hartlik ontvang. Ons laat tans geen geleentheid verbygaan om by elke ekumeniese geleentheid betrokke te wees nie en dit is vir ons 'n loutere vreugde – veral na ons isolasie van die verlede.

Rehabilitasie en eerherstel

Uit u skrywes blyk dit dat u instem dat proff Van Selms, Stoop en Loader gerehabiliteer is. Uitstaande is dus prof AS Geyser en ander medestanders waaronder uself tel.

Die Kommissie het op sy vergadering van 7 en 8 Maart 2019 besluit om onvoorwaardelik en ondubbelsinnig proff AS Geyser, CJ Labuschagne en alle ander medestanders (ook lidmate en predikante van die NHKA) uit die sestigerjare om verskoning te vra vir die leed wat die Kommissie van die AKV u aangedoen het. Dit het ek ook as voorsitter van die Algemene Kommissie in die openbaar gedoen met my voordrag tydens die *Derde Geyser-gedenklesing*. Die Kommissie besef dat u almal in terme van u gewete en verstaan van die evangelie van Jesus Christus gehandel het. U het nie geskroom om die Kerk aan te spreek en kerklike besluite te kritiseer nie. Daarvoor moes u persoonlik 'n hoë prys betaal. Die Kommissie het geen twyfel dat u as reggeaarde dienaars van die Woord gehandel het nie, en wil u as sodanig in ere herstel. Dit beteken dus dat wat die NHKA en die Kommissie betref, prof AS Geyser en uself, prof CJ Labuschagne, volledig gerehabiliteer is.

Met die skryf van die woorde in bostaande paragraaf het daar vir my 'n kairosoomblik aangebreek wat my diep geraak het. Die intensiteit en betekenisvolheid daarvan is byna oorweldigend – die hoopvolle versugting dat u hierdie skrywe sal ontvang en werklik vredevolle berusting sal vind in die wete dat hierdie gebeure van die verlede nou agter die rug is.

Die Kommissie bid u en u vrou die woorde van Efesiërs 3: 19b toe: *mag julle heeltemal vervul word met die volheid van God.*

Dr AG Ungerer
Voorsitter: Kommissie van die Algemene Kerkvergadering
andre.ungerer@up.ac.za

Ds WJJ Kok
Skriba: Kommissie van die Algemene Kerkvergadering
wilmak@absamail.co.za